BLOEMFONTEIN BAPTISTE

Datum: ______________________

# BYBELSE GEBEDE

## DEEL 3: DAWID SE GEBED

**2 Samuel 11:1-3** In die lente, die tyd waarin die konings gewoonlik optrek om oorlog te maak, het Dawid op 'n keer vir Joab en sy soldate en die hele Israel uitgestuur…maar Dawid het in Jerusalem agtergebly. [2] Eendag het hy na sy middagslapie opgestaan en op die dak van die paleis gaan rondstap. Van die dak af het hy 'n vrou sien bad. Sy was 'n baie mooi vrou. [3] Dawid het oor haar laat navraag doen, en iemand het gesê: "Dit is Batseba dogter van Eliam, die vrou van Urija die Hetiet."

**1 Korintiërs 6:18(AFR20)** Vlug weg van onsedelikheid…

**Spreuke 7:7-8** …ek merk onder hulle veral een onverstandige jongman 8 wat oor die straathoek stap en die pad na 'n vrou se huis toe kies.

**Spreuke 7:22-23(NLV)** Hy loop dadelik agter haar aan. Hy was soos 'n bees wat na die slagpale gelei word. Hy was soos 'n wildsbok wat in die slagyster trap [23] en 'n pyl kloof sy hart. Hy was soos 'n voël wat blindelings in 'n vangnet vasvlieg. Hy het nie geweet dat sy lewe verby is nie.

**2 Samuel 11:26-27** Urija se vrou het gehoor dat haar man dood is en sy het oor hom getreur. [27] …Maar wat Dawid gedoen het, was verkeerd in die oë van die Here.

**2 Samuel 12:13** Toe sê Dawid vir Natan: "Ek het gesondig teen die Here." En Natan sê vir hom: "Die Here het jou sonde vergewe: jy sal nie nou sterwe nie.

---

---

---

## Gebed van Vergifnis

**Psalm 51:3-19** Wees my genadig, o God, in u troue liefde, wis my oortredings uit in u groot barmhartigheid! [4] Was my skoon van my skuld, reinig my van my sonde! [5] Ja, my oortredings ken ek en van my sonde bly ek altyd bewus. [6] Teen U alleen het ek gesondig, ek het gedoen wat verkeerd is in u oë. U uitspraak is dus reg en u oordeel regverdig. [7] Ek was al skuldig toe ek gebore is, met sonde belaai toe my moeder swanger geword het. [8] Maar U verwag opregtheid diep in 'n mens se hart: laat ek dan diep in my binneste weet hoe U wil dat ek moet lewe. [9] Neem tog my sonde weg dat ek rein kan wees, was my dat ek witter as sneeu kan wees. [10] Laat my weer blydskap en vreugde belewe. U het my verbrysel; laat my weer jubel. [11] Moet tog nie ag slaan op my sondes nie, wis al my skuld uit! [12] Skep vir my 'n rein hart, o God, vernuwe my gees en maak my standvastig. [13] Moet my tog nie van U af wegdryf en u Heilige Gees van my af wegneem nie! [14] Laat my weer die blydskap ervaar van iemand wat deur U verlos is, laat my U weer met toewyding dien. [15] Dan sal ek oortreders leer wat U van 'n mens verwag; dat die sondaars hulle tot U sal bekeer. [16] Red my van ondergang, o God, my Redder, dat ek kan jubel oor u verlossingsdaad. [17] Here, gee my die woorde om u lof te verkondig. [18] 'n Offer vra U nie, anders sou ek dit bring; 'n brandoffer wil U nie hê nie. [19] Die offer wat U wil hê, o God, is verootmoediging: U sal 'n hart vol ootmoed en berou nie gering ag nie, o God.

---

---

---

---

**2 Samuel 12:13-14** Toe sê Dawid vir Natan: "Ek het gesondig teen die Here." En Natan sê vir hom: "Die Here het jou sonde vergewe: jy sal nie nou sterwe nie. [14] Maar omdat jy deur hierdie daad die vyande van die Here aanleiding gegee het om Hom te laster, sal hierdie selfde kind wat vir jou gebore is, sterwe."

**Matteus 12:23** En die hele menigte mense was verslae en het gesê: "Is Hy nie miskien die Seun van Dawid nie?"

**Matteus 21:9** Die mense wat voor Jesus geloop het en dié wat agter Hom aan gekom het, het begin uitroep: "Prys die Seun van Dawid! Loof Hom wat in die Naam van die Here kom! Prys Hom in die hoogste hemel!"

**2 Korintiërs 5:21** Christus was sonder sonde, maar God het Hom in ons plek as sondaar behandel sodat ons, deur ons eenheid met Christus, deur God vrygespreek kan wees.

**Efesiërs 1:7** Deur die bloed van sy Seun is ons verlos en is ons oortredinge vergewe kragtens die ryke genade van God

**Kolossense 1:20** …Deur die bloed van sy Seun aan die kruis het Hy die vrede herstel, deur Hom het Hy alles op die aarde en in die hemel met Homself versoen.

---

---

---

*Alle verse uit AFR83 behalwe waar anders aangedui*